

8

MOSES

God gee uitkoms

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet God gee uitkoms selfs wanneer mense moed opgee.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- hoekom die Israeliete moedeloos geword het.
- God help altyd as dit nodig is.
- God verander moedeloosheid in hoop.

Gesindheid

Die kinders behoort dankbaar te wees dat die Here ons help wanneer ons in nood is.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om ander se nood raak te sien en hulp te verleen.

MEER INLIGTING (Eksodus 14)

Moedeloosheid maak 'n mens lam. Die Israeliete was moedeloos omdat hulle jare lank, dag in en dag uit, sonder 'n enkele rusdag, as slawe vir die Egiptenaars moes werk. Hulle het daarna gesmag om weg te kom uit Egipte en te gaan woon in die land wat God vir Abraham beloof het. Moses het vir die farao, die koning van die Egiptenaars, gaan sê dat die Here hulle opdrag gegee het om weg te trek uit Egipte. Die farao het geweier om hulle toestemming te gee om weg te trek, waarna die Here tien plaë gestuur het, totdat die farao hulle uiteindelik toegelaat het om te trek. Net toe die Israeliete saam met Moses weg is uit Egipte, het die farao weer sy plan verander.

Ons kan onself indink hoe hulle met 'n gesing en 'n gedans uit Egipte getrek het. Hulle was nie meer slawe nie. Maar skielik verander hierdie vreugde in moedeloosheid. Die farao het hulle agtervolg met strydwaens, perde en 'n groot groep soldate net toe hulle by die Rietsee kamp opgeslaan het. Die Israeliete kon nie eens wegjaag met perde of kamele nie. Hulle het te voet deur die woestyn getrek. Hulle het nie 'n kans gehad teen die Egiptenaars nie.

Moedeloos het hulle vir Moses begin verwyf. Dit was mos hy wat hulle laat trek het, en kyk nou! Voordat Moses enige planne kon maak, het God weer ingegryp. Die wolkkolom wat die volk gelei het, het tussen hulle en die Egiptenaars gekom. Dus kon die Egiptenaars nie die Israeliete sien nie. God het met hierdie optrede die Israeliete kans gegee om op te pak, sodat hulle kon wegkom van die magtige weermag van die farao.

God het nie net 'n wolk tussen die Israeliete en die Egiptenaars laat kom nie, Hy het ook vir hulle 'n droë pad deur die see gemaak. Die Here het net vir Moses gesê om sy kiere op te lig en sy hand oor die see uit te steek. Toe het die Here 'n sterk oostewind laat opkom wat die water weggedryf het, sodat daar 'n pad deur die see was. 'n Droë pad deur die see? Dit klink vir ons onmoontlik, maar dit was vir God eenvoudig. Dink net hoe verbaas die Israeliete was! Toe die Egiptenaars hulle agtervolg en in die middel van die see wat oopgegaan het kom, het God die see weer laat toegaan. So het die Egiptenaars omgekom, terwyl die Here die Israeliete gered het.

Die moedeloosheid van die volk het weer in hoop verander. Dit is net God wat vir ons uitkoms kan gee wanneer ons niks meer kan doen nie. Daarom is dit belangrik dat ons op God moet vertrou in moeilike tye, en nie net op onself en mense moet staatmaak nie.

AANBIEDING

Jy het nodig

- 'n Werkkaart van Moses en die Rietsee.
- Kleurpotlode.

KOM ONS BEGIN

Lees Gesang 188: 1 en open met 'n dankgebed.

*Kom, dank nou almal God
met hart en mond en hande;
loof Hom wat wonders doen
tot in die verste lande.
Van vroeg, van kindsbeen af,
het Hy ons trou bewaar
en tot vandag toe nog
geseën en gespaar.*

HET HULLE ONTHOU?

- Laat enkele kinders vertel hoe 'n probleem wat hul ouers gehad het, uiteindelik goed geëindig het.

- Kontroleer of hulle die volgende vrae se antwoorde ken:
 - Wat het Josef gedroom wat veroorsaak het dat sy broers hom gehaat het? (*Josef het drome gedroom waarin hy oor sy broers sou heers.*)
 - Wat het hulle besluit om met Josef te doen? (*Hulle het hulle voorgeneem om hom dood te maak.*)
 - Wat het Josef se broers uiteindelik met hom gedoen? (*Hulle het hom as 'n slaaf aan handelaars verkoop.*)
 - Waar het Josef 'n slaaf geword? (In Egipte.)
 - Hoekom het Josef in die tronk beland? (*Hy beland in die tronk omdat sy baas, Potifar, se vrou hom vals beskuldig het.*)
 - Wat het die farao se drome beteken? (*Die farao se drome het beteken dat daar sewe vrugbare en sewe droë jare sou kom.*)
 - Wat het die farao met Josef gemaak toe Josef sy drome uitlê? (*Die farao dink Josef is baie slim en maak hom onderkoning.*)
 - Watter slim plan het Josef gemaak? (*In die sewe vrugbare jare het Josef baie koring gebêre vir die sewe droë jare.*)
 - Hoe het God se belofte aan Abraham en weer aan Jakob vir die hele wêreld waar geword? (*Uit hul familie het Jesus gekom en die hele mensdom vir ewig verlos van die dood.*)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Soms gebeur daar iets in jou lewe wat glad nie lekker is nie. As ons op God vertrou en bid, sal ons verbaas wees oor hoe Hy ons omstandighede verander. By God is alle dinge moontlik. Kom ons kyk wat God vir die Israëliete gedoen het.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel die verhaal van die gebeure by die Rietsee, of lees dit net dramaties voor.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by die kinders in:

- Die farao het na die tiende plaag die Israëliete uiteindelik laat trek.
- Hy het gou besluit om hulle weer te laat terugkom.
- Sy weermag het hulle teen die Rietsee vasgedruk.
- Die Here het die Israëliete droogvoets deur die Rietsee laat trek.
- Die Egiptenaars het almal verdrink.
- Ons moet beseft dat die Here help as dit nodig is.
- Ons moenie moedeloos word as dinge verkeerd gaan nie.
- Ons moet op God vertrou.
- Hy kan die onmoontlike doen en wil dit ook doen, omdat Hy ons gemaak het en ons liefhet.
- Hy beskerm sy kinders.

IETS OM TE DOEN

- Deel die klas in twee groepe.
- Laat almal hul Bybels oopmaak by Eksodus 14: 10-30.
- Laat een kind dit vers vir vers voorlees terwyl almal dit volg in hul eie Bybels.
- Terwyl hulle lees, help hulle as groep mekaar en vul in hul boeke die ontbrekende woorde by die oop spasies in.

¹⁰Toe die farao nader kom, sien die Israeliete skielik die Egiptenaars sit hulle agterna. Hulle het baie bang geword en benoud na die Here geroep. ¹¹Hulle het vir Moses gesê: “Is daar nie begraafterplek in Egipte nie dat jy ons saamsleep om in die woestyn te sterwe? Wat het jy ons aangedoen dat jy ons uit Egipte laat trek het? ¹²Ons het jou mos in Egipte gesê om ons te laat staan dat ons vir die Egiptenaars werk. Dit is vir ons beter om vir hulle te werk as om hier in die woestyn om te kom.”

¹³Maar Moses het die volk geantwoord: **Moenie bang wees nie. Staan vas, kyk hoe die Here julle vandag gaan red**, want soos julle die Egiptenaars nou daar sien, sal julle hulle nooit weer sien nie. ¹⁴Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg.”

¹⁵Toe het die Here vir Moses gesê: “Waarom roep julle so benoud na My? Sê vir die Israeliete hulle moet verder trek. ¹⁶En jy, lig jou **kierie** op en steek jou hand oor die see uit en **kloof** dit oop sodat die Israeliete op droë grond kan deurgaen. ¹⁷Ek sal die Egiptenaars so koppig maak dat hulle die Israeliete sal **agtervolg**. So sal Ek my mag laat geld teenoor die farao en sy hele leër: strydwaens en bemanning. ¹⁸Wanneer Ek my mag laat geld teenoor die farao, sy strydwaens en hulle bemanning, sal Egipte **beseft dat Ek die Here is**.”

Die Engel van God wat altyd voor die Israeliete uit beweeg het terwyl hulle getrek het, het nou **agter** hulle plek ingeneem. Ook die **wolkkolom** wat **voor** hulle was, het **agter** hulle ingeskuif, ²⁰tussen die Egiptenaars en die Israeliete. Aan die Egiptiese kant was die wolk donker en aan die Israelitiese kant het dit die nag verlig. Die hele nag deur het die twee groepe nie nader aan mekaar gekom nie.

²¹Moses het sy **hand** oor die see uitgesteek, en die Here het daardie hele nag die water met 'n sterk oostewind **weggedryf**, sodat die water **oopgekloof** en die see daar **drooggelê** is. ²²Die Israeliete het op **droë grond** deur die see gegaan, en die water het weerskante van hulle soos 'n muur gestaan.

²³Die Egiptenaars het hulle **agternagesit**: die farao se perde, strydwaens en bemanning is almal agter hulle aan die see in. ²⁴In die vroeë môre het die Here uit die vuur- en wolkkolom afgekyk op die Egiptiese leër en verwarring onder hulle gesaai. ²⁵Hy het die **wiele** van hulle strydwaens laat uitval, sodat hulle skaars kon beweeg.

Toe sê die Egiptenaars: “Ons moet wegkom van die Israeliete af, want **die Here** veg vir hulle teen Egipte.” ²⁶Maar die Here het vir Moses gesê: “Steek jou hand uit oor die see sodat die water oor die Egiptenaars, oor hulle strydwaens en bemanning kan stroom.”

²⁷Moses steek toe sy hand oor die see uit. Teen dagbreek het die see teruggestroom oor sy bodem en die Egiptenaars het hulle teen die water vasgevlug: die Here het hulle deur die

see laat meesleur. ²⁸Toe die water terugstroom, was die strydwaens en bemanning, die hele leërmag van die farao wat agter die Israeliete aan die see in is, tóé onder die water. Daar het nie een van hulle **oorgebly** nie.

²⁹Maar die Israeliete het op **droë grond** deur die see gegaan en die water het weerskante van hulle soos 'n muur gestaan. ³⁰Die Here het Israel daardie dag gered van Egipte, en die Israeliete het die Egiptenaars dood op die strand sien lê. ³¹Toe Israel sien hoe **kragtig** die Here teen Egipte opgetree het, is hulle met ontsag vir Hom vervul. Hulle het in die Here geglo en ook in Moses, sy dienaar.

- Laat hulle neerskryf wat hulle in hierdie prent sien. (*Moses steek sy hand uit en die see word 'n droë pad; of hy steek sy hand uit en die see vloei weer normaal.*)



BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle –

- op die internet gaan kyk wat oor die Rietsee gesê word en minstens drie feite in hul boeke neerskryf.
- hul ouers gaan vra om te vertel van 'n keer toe hulle moedeloos was en die Here uitkoms gegee het.
- die prent in hul boeke inkleur en byskryf wat die prent voorstel.
- die doolhof in hul boeke voltooi.

Leer

- Laat hulle die volgende gaan leer:
 - Die farao het na die tiende plaag die Israeliete uiteindelik laat trek.
 - Hy het gou besluit om hulle weer te laat terugkom.
 - Sy weermag het die Israeliete teen die Rietsee vasgedruk.
 - Die Here het die Israeliete droogvoets deur die Rietsee laat trek.
 - Die Egiptenaars het almal verdrink.
 - Ons leer vier dinge uit hierdie gebeurtenis:
 - Die Here help as dit nodig is.
 - Ons moenie moedeloos word as dinge verkeerd gaan nie.
 - Ons moet op God vertrou.
 - Hy beskerm sy kinders.
- Laat hulle hierdie teks memoriseer: *Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg.* (Eksodus 14: 14)

AFSLUITING

Sluit af met gebed.